



*Sommige van die stoele in die ouditoriums van die Staatsteater sal van 'n 'keerbord' voorsien word. Mnr Hans Botha, mede-argitek van die gebouekompleks, sit hier in 'n stoel soos die wat op die galery van die opera-skouburg se galery gebruik sal word*

*The very practical tipping seats will be a feature of the State Theatre*

Mnr. Odendaal is op 8 Februarie 1966 oorlede. Hy is as Administrateur opgevolg deur mnr. Sybrand van Niekerk, wat toe die hele, ietwat netelige kwessie van die bou van operageboue ge-erf het.

Aan geesdrif om met die planne voort te gaan, het dit nie ontbreek nie, maar veral in Johannesburg het die een hoofbreker na die ander opgeduik en teen die tyd dat planne finaal voorgelê is vir 'n sentrum in Aucklandpark, was die geldskaarste al so akuut dat daar besluit is om vireers net met die Pretoriase projek voort te gaan; Johannesburg het in elk geval al sy Stadskouburg gehad, maar Pretoria moes klaarkom met die beperkte Aula van die Universiteit van Pretoria.

In Pretoria sou daar voortgegaan word, ja, dog teen 'n stadiger tempo as wat oorspronklik beplan is; die 'operahuis' sou nie meer vir die Republiekfees van 1971 gereed wees nie — selfs nie vir dié van 1976 nie. Daar sou jaarliks met 'n begroting aangegaan word wat streng volgens die beskikbare velle gesny sou word. Uiteindelik sou hierdie beleid natuurlik ook bydra tot die aansienlik hoër finale koste van die onderneming.

Oorsee het die argitekspanne veel geleer. Foutiewe voorbeelde — soos die indrukwekkende maar totaal onpraktiese operahuis van Sydney — het byna net soveel bygedra as die praktiese pragwerke van elders.

In baie lande was die samewerking met ons mense van die allerbeste.

'Die internasionale teaterfamilie — konsultante, ingenieurs, argitekte, bestuurders, intendante, beligtings-, klank- en verhoogtoerustingvervaardigers — het 'n baie groot samehorigheidsgevoel. Daar is geen afguns êrens nie,' se mnr. Botha. 'Die kunste bied vir hierdie mense 'n gemeenskaplike vlak vir baie gesonde samewerking.'

Een van die grootste probleme vir die argitektoniese beplanners was om oor die omvang van die behoeftes van die toekomst te besluit. 'Jy kan in die een land na die ander kers opsteek, maar die dag breek beslis aan wanneer jy finaal moet besluit: tot hiertoe en nie verder nie,' sê mnr. Walter Smit, mede-argitek met mnr. Botha. 'Êrens moet jy die grens stel en jou idees bymekaar gooi om 'n praktiese meesterplan te kan opstel.'

Tog was daar nie 'n bepaalde dag voor die aanvang van die bouwerk dat die argitekte kon gaan terugsit en sê: 'So gaan dit uiteindelik presies wees nie — tot in die laaste besonderheid nie.' Daarom dat sommige van die subkontrakte eers 'n hele paar jaar na die begin van die uitgrawings toegeken is; die ontwerpe van apparaat vir klank- en ligkontrolle het byvoorbeeld nog voortdurend verander en ontwikkel en daar is onlangs eers oor die eindkeuse van die